

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 1 DESEMBER 2018 OM
09:00 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter open vergadering met gebed

2 TEENWOORDIG

Walter Kurten

Hettie Jooste

Adriaan van Wyk

Fanie Groenewald

Lana Pepler

Joe Meyer

Otto Pepler

3 VERSKONINGS

Riekie Pienaar

4 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE

Die notule van vergaderings gehou op 23 Oktober 2018 word aanvaar.

Voorgestel: **AvW** en **HJ**. Sekondeer: **FG**

5 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

5.1 Omgewingsake

Met verwysing na sy vorige verslag doen JM as volg verslag:

Aansoek is ingedien by Dept van Omgewingsake. R10miljoen is aan Oesterbaai toegeken vir die duine en infrastruktuur. Aanvanklike grondslagwerk sal gedoen word waarna die werk op tender sal uitgaan en uigekontrakteer word. Joe projekteer dat werk eers oor ongeveer 1 jaar sal begin.

Addisionele toekenning van geld vir kusontwikkeling is in die vooruitsig, maar dit is baie wasig op die oomblik.

Kritiese punte waarna gekyk moet word in Oesterbaai geniet nie aandag nie. Intussen sal Johan Bouwer help met koste en die sand by sy huis sal skoongemaak word en daar sal op 'n tydeike basis geplant word om duin te stabiliseer.

Navorsing is gedoen waarom die verskuiwing van die sand nie suksesvol is nie en die gevolgtrekking is dat slote tussen die duine gegrawe moet en dan gereeld oopgemaak moet word wanneer dit met sand gevul word. Indien toerusting beskikbaar gestel word kan al die werk aan die duine binne 4 weke afgehandel word.

Die Slangriviermond is in Augustus oopgemaak, maar is nou weer toe. KM is genader vir hulp om dit weer oop te maak, maar die aansoeke word op die oomblik geignoreer. Indien hierdie situasie voortduur sal geregtelike aksies oorweeg moet word.

WK stel voor dat Frank Tamboer gekontak word aangesien Frank se nuwe portefeulje omgewingsake is en die moontlikheid word genoem dat FT dan 'n voorlegging doen by die AJV.

Plante wat gekweek is moet geplant word.

FG benodig dringend inligting rakende die beloofde fondse waaroor daar in verlede jaar se nuusbrieff gerapporteer is en toe nie gerealiseer het nie sodat daar in die nuwe nuusbrieff 'n berig daaroor geplaas kan word. **JM** sal die burgemeester kontak hieroor en inligting aan **FG** deurgee.

OP noem dat die waterkrisis, weens politiese redes, prioriteit geniet en dat dit waarskynlik die rede is waarom die duine nie tans aandag geniet nie. Indien dit nie geadresseer word nie, moet regsaksie geneem word.

5.2 Watervoorsiening

OP rapporteer dat die huidige watervoorsiening nog 'n voortsetting is van aksies wat verlede jaar begin het. R250miljoen is beskikbaar vir watervoorsiening in die Kouga area waarvan R10miljoen aan Oesterbaai toegeken is.

Twee boorgate is reeds geboor, die voerpyp van die onderste opgaartenk na die boonste waterwerke gaan vervang word, die filters by die waterwerke gaan vervang word en die veiligheidsmaatreëls gaan opgeskerp word. Besonderhede van die projekte is onduidelik en kan nog nie verskaf word nie.

Die twee jong mans wat aangestel is neem lesings van die vloeimeter en inligting word net aan Eddie Oostuizen gestuur. **OP** sal vergadering met Eddie en Willie Botha reël aangesien daar nie waterbalans gedoen word nie en die onkunde is duidelik sigbaar.

JM doen navraag oor die stand van die fonteine. Slegs die boonste fontein loop nog. **AvW** stel voor dat die fonteine voor die spitstyd skoongemaak word.

OP stel voor dat 'n voorlegging gedoen word oor die werking van Oesterbaai se waterstelsel sodat almal dit verstaan.

5.3 Lewensredders

Lewensredders is reeds sedert November ontplooi. NSRI is geensins betrokke by die lewensredders nie, maar sal in die toekoms moontlik self mense oplei om hierdie taak te verrig.

Vier lewensredders is aangestel en daar is tydelike verblyf vir hulle in Umzamowethu.

Mark Mans het onderneem om 'n karavaan beskikbaar te stel vir hul verblyf, maar dit het nog nie gerealiseer nie. Mark sal ook sorg dat die lewensredderstoele op die strand geplaas word.

Die afgelope 2 jaar was daar, ten spyte van OIV ondersteuning, baie probleme met die lewensredders. **JM** en **OP** sal probleme uitsorteer.

5.4 **Gemeenskapsaal**

AvW verneem of hy moet voorsiening maak dat die saal gereed is vir die kersmark indien die weer dit noodsaak. **FG** bevestig.

JM se versoek om ongeveer R3000 te spandeer aan instandhoudingswerk by die saal, onder andere vir die verf van vensterrame aan die binnekant word goedgekeur. Tot op datum is daar reeds R18 000 spandeer aan instandhoudingswerk in die 2017/18 boekjaar.

Jan Steynberg het navraag gedoen oor die R10miljoen wat aan Oesterbaai toegeken is en wil weet of daar moontlik 'n gedeelte daarvan beskikbaar gestel kan word vir die omheining van die saal. Hy het aangebied om die arbeid te verskaf indien die materiaal aan hom beskikbaar gestel word. **JM** onderneem om die aangeleentheid met **JS** te bespreek.

AvW noem dat die geute by die saal vervang moet word en dat die dak herstel moet word. **JM** sal met Frank Tamboer opneem.

OP stel voor dat 'n oudit gedoen word om te bepaal wat die omvang van alle herstelwerk by die saal is. **OP**, **JM** en **AvW** sal 'n behoeftebepaling voorlê.

5.5 **Afvalstortingsterrein**

LP sal die kwessie van beloftes oor toiletgeriewe en 'n skuiling by die afvalstortingsterrein wat nog nie nagekom is nie, met Frank Tamboer of Swartboo opneem.

OP sal vir Mark kontak oor die stuk grond langs die stortingsterrein en vra dat dit beskikbaar gestel word om die probleem met die takke op te los. Daar moet dan gekyk word na die bekikbaarheid van 'n "chipper" – donasies sal gevra moet word.

5.6 **Brandweer**

RP het gerapporteer dat sy via **LINK** verneem het dat die projek gekanselleer is. Die brandweersleepwa word by Lodewyk se huis gestoor.

5.7 **Noodplan**

OP noem dat brandweer en brandgereedheid 'n aparte plan behoort te wees. **OIV** moet deur die noodplan werk om te kyk of brand ge-integreer word. Die waterdruk in Oesterbaai is nie goed genoeg vir die brandslange om te werk nie. Die brandkrane word gereeld getoets.

FG stel voor dat 'n formele brief geskryf word om antwoorde te kry oor die projek vir die bou van die brandweerstasie wat gekanselleer is. **JM** en **OP** sal brandweersituasie uitsorteer.

Noodplan is by die drukkers en sal deur **FG** by elke huis versprei word. Rekord sal gehou word om seker te maak elke huis kry een. Addisionele noodplanne (150) moet gedruk word vir Umzamowethu en AvW sal reël dat dit daar versprei word. **OP** stel voor dat Oesterbaai Eiendom se samewerking gevra word om die noodplan in al die vakansiehuise te plaas.

5.8 Paaie

Die werkers van die CWP het van die gate in die paaie opgevol. **JM** het 2 manne nodig vir 4 dae lank om aandag aan die paaie te gee. 'n Bedrag van R1600 word goedgekeur (4 x R360).

5.9 Umzamowethu

AvW het ander verpligtinge en maak verskoning – geen verslag.

5.10 Kommunikasie/Nuusbriefe

Nuusbrief 3/2018 is versprei. **FG** bedank en komplimenter **HJ** vir die kwaliteit van die nuusbrief

5.11 Finansies

Finansiële state soos op 31 Oktober sal aan komiteede versprei word vir kommentaar. Uitgawes vir die jaar oorskry die inkomste en die jaar sluit af met 'n verlies van ongeveer R7 000. Fondse beskikbaar is R82 000. **HJ** sal tydens AJV verslag doen oor donasies wat gedurende die jaar ontvang is.

5.12 Fondsinsameling

WK stel voor dat 'n lys van aangeleenthede waaraan die Bestuurskomitee aandag wil skenk by die AJV voorgelê word. **JM** onderneem om so 'n plan voor te lê en versoek almal se insette.

5.13 Kersmark

FG bespreek aksielys:

KM het Branderstraat skoongemaak en toegang is herstel. Die oppervlak waar die tent moet staan moet geskraap word. **JM** sal Mark Mans en Lodewyk van Rensburg nader om hul toerusting te gebruik. Twee werkers sal ook benodig word vir die opruim van die sand by die braaiplek.

FG vra vir 'n windskerm vir die tent. **JM** het skadunet beskikbaar en sal help daarmee. **HJ** sal met Willie du Plessis reël om weer krag van sy huis af te trek. **OP** sal die krag aanlê. Die moontlikheid van 'n kragopwekker word bespreek.

WK sal sy gazebo leen en **JM** sal help met die opslaan.

HJ en **FG** sal met Choppie reël om weer van sy klankstelsel gebruik te maak vir die kersmark en AJV.

OP vra dat die noodplan aan hom gestuur word sodat hy die brandstelsels kan nagaan.

Ekstra vullisdromme word benodig. **HJ** sal reël dat die bestaande vullisdromme gereeld skoongemaak word en **JM** sal sy vullisdrom beskikbaar stel vir die dag.

Jones en Lukas sal hulp verleen en deur OIV betaal word.

Papierkennisgewing gaan nie versprei word nie, maar inligting sal per whatsapp versprei word.

LP/FG sal met LvR reël vir noodhulptas.

Phillip Henn sal fotograaf wees.

6 NUWE SAKE

6.1 Welkom in Oesterbaaibord

FG het kwotasie gekry – R1500. Die ontwerp sal versprei word vir goedkeuring.

6.2 Nominasies

WK voel dat hy as voorsitter wil uittree om stagnering te voorkom. **OP** en **JM** vra hom om te herbesin aangesien die OIV onder Walter se leiding goed gefunksioneer het.

HJ vra dat sy ook graag wil uittree. Die Komitee oorreed haar om assebleif aan te bly. Almal is dit eens dat haar nougesette werk onmisbaar is.

OP vra dat die grondwet hersien moet word tydens die AJV rakende die 2 jaar aanstellingsperiode van komiteelede.

6.3 Klagtes

Ds Langenhoven het gekla oor die bye in die dorp. **WK** het dit op LINK geplaas, maar geen reaksie ontvang nie.

WK het die verkeershoof gekontak oor verkeerstekens. **JM** sal help daarmee.

WK het ook op LINK versoek vir spoedbrekers in Tunastraat.

7 VOLGENDE VERGADERING

WK versoek dat volgende vergadering reeds eerste week in Januarie plaasvind.

8 AFSLUITING

Almal word bedank vir hulle insette en harde werk.


.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER


.....
SEKRETARESSE

DATUM: 19-03-2019.....